Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 10/2026

5 Junie 2026

## Van die skoolhoof

**"Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle."**
**1 Tessalonisense 5:18**

Wat is **dankbaarheid**? Is dit 'n gevoel, of is dit 'n hartsingesteldheid? Ware dankbaarheid begin in die hart, maar dit bly nie daar nie. Dit word sigbaar in ons hande, voete en mond, m.a.w. in ons dade, woorde en lewenshouding.

Ons lewe behoort te getuig van dankbaarheidsdade. Dit is die goeie werke wat ons uit genade mag verrig. Hierdie dade begin by die lof, prys en aanbidding van die Here, nie net op Sondae nie, maar elke dag: waar ons werk, skool toe gaan, sport beoefen, tussen kollegas leef of vir eksamens voorberei.

Dankbaarheid vloei uit die besef dat ons alles uit die Here se hand ontvang. Sy troue sorg, sy voorsienigheid, sy Woord, sy beloftes en die voorreg om sy kinders te wees. Wanneer ons dit raaksien, kan ons nie anders as om in dankbaarheid te leef nie. Dankbaarheid is dus nie los van geloof nie; dit versterk juis ons geloof. Geloof en dankbaarheid hoort onlosmaaklik bymekaar.

'n Dankbare mens sien die mooi in die lewe raak, selfs te midde van beproewings en uitdagings. 'n Dankbare mens het die vermoë om ook in die kleinste dingetjies die genade van die Here raak te sien. Só 'n mens leef met 'n positiewe gesindheid, nie omdat alles altyd maklik is nie, maar omdat hy of sy weet dat die Here getrou is.

Wat is die geheim om in alles dankbaar te wees? Dankbaarheid is nie die wortel nie, maar die vrug. Dit is die gevolg van die werking van die Heilige Gees in ons harte.

Die teenoorgestelde van dankbaarheid is ondankbaarheid. Wanneer ons gedurig in alles net ons eie belang soek, raak ons onvergenoegd. Kort voor lank is ons met niks tevrede nie, en begin ons deur 'n negatiewe bril na alles kyk: na die wêreld, na ons omstandighede, na die skool en na die skoolgemeenskap.

Dankbaarheid is 'n vrug wat groei uit liefde. Liefde is nie jaloers op wat ander het nie. Liefde gun dat die son ook oor ander skyn. Liefde hou nie boek van die kwaad nie. Daarom behoort daar eintlik nie plek in ons harte te wees vir aanhoudende ondankbaarheid nie.

Ons moet onsself oefen in dankbaarheid. Skryf gerus die dinge neer waarvoor jy die Here elke dag kan dank: die son wat opkom, die gelag van gelukkige kinders, 'n lekker koppie koffie, 'n geloofsgemeenskap waarbinne jy mag woon en werk, gesondheid en genade. Benoem die klein dingetjies, juis dié dinge wat ons so maklik as vanselfsprekend aanvaar.

Wanneer ons só leer kyk, groei daar 'n positiewe hartsingesteldheid. Dankbaarheid word dan die bril waardeur ons die groter wêreld, maar ook ons skool en skoolgemeenskap, beskou.

Mag ons elke dag die Here dank vir sy troue sorg en voorsienigheid, vir die beloftes in sy Woord, en bo alles: dat ons in Christus sy kinders mag wees.



*Saskia Meijer*

## Beplanner

**06/06:** LS Bulletjies te Menlo Bulletjiedag

**06/06:** HS Netbal 0/19A Tswane-uitspeel

**15/06:** Skoolvakansiedag

**16/06:** Jeugdag

**20/06:** LS Netbal 0/12 en 0/13 te Vissershoek

**24/06:** Kleedrepetisie vir LS-konsert

**25/06:** Graad 1-3-oueraand

**25/06:** KS-oueraand

**26/06:** Skool sluit

# DIRKIES MAAK 'N MERK

**Ruben wen stoeikampioenskappe**

Ruben Saayman in graad 4 het Saterdag aan die **SA Greco Stoei-kampioenskappe** deelgeneem en gewen.

Hy het Suid-Afrikaanse kleure behaal. Hy het ook 3e plek behaal vir die presidente-afdeling.




**Vonri op pad na Bokkieweek**

Vonri Heikens is gekies vir die **AVS Noord-Transvaal 0/19-netbalspan** wat die komende vakansie aan die Bokkieweek deelneem.

Die week vind plaas te Naboomspruit vanaf Maandag 6 Julie tot Vrydag 10 Julie. Sy gaan die hulpdoel posisie speel vir die Pikkewyne-span, soos hulle bekend staan. Alhoewel alles nuut en onseker is, sien sy baie uit daarna.



# ALGEMEEN

## Die Kinderfonds: ’n Geleentheid om te ontvang én weer te gee

Ons is baie dankbaar om te kan berig dat GSDP se aansoek by **Die Kinderfonds** suksesvol was. Hierdie befondsing maak dit vir ons moontlik om op ’n praktiese en verantwoordelike wyse ’n paar kinders en gesinne binne ons eie skoolgemeenskap te ondersteun.

Dit is vir ons ’n groot voorreg wanneer fondse wat beskikbaar gestel word, nie bloot ’n administratiewe saak bly nie, maar werklik kan help om die las vir gesinne ligter te maak. Ons is daarom dankbaar teenoor Die Kinderfonds vir hierdie geleentheid en vertrou dat die fondse met wysheid en sorg aangewend sal word. Kyk gerus op Die Kinderfonds se webtuiste vir meer inligting: www.diekinderfonds.co.za

As deel van die projek word daar ook van ons verwag om ’n klein **teenprestasie** te lewer. Ons moet 2% van die bedrag wat ons ontvang het, teruggee. Hierdie bedrag moet ons via ’n fondsinsameling bymekaar maak. Om dit moontlik te maak, het Die Kinderfonds aan ons ’n beperkte hoeveelheid Saronsberg-wyn beskikbaar gestel wat ons mag verkoop.

Ons het slegs 72 bottels van die volgende wyn beskikbaar:
· 24 Bottels PROVENCE SHIRAZ @R210
· 24 Bottels SAUV BLANC @R180
· 24 Bottels ROSE @R210

Die wyn is van uitstekende gehalte en kan geniet word saam met ’n familiekuier, ’n rustige Sondagmiddagete of as ’n besondere geskenk. Deur ’n bottel aan te koop, help u ons om ons teenprestasie te lewer en dra u indirek by tot ’n projek waarby kinders uit ons eie gemeenskap baat.

Ons nooi ons ouers, personeel en vriende van die skool uit om hierdie projek te ondersteun. Verkope geskied slegs aan persone 18 jaar en ouer.

**Koop gerus by die winkel op ons webblad:** https://www.gsdp.co.za/product/saronsberg-wyn/







Wees sterk en vol moed

# VAKANSIETOESIG
## 29 JUNIE - 10JULIE 2026

Hierdie diens is hoofsaaklik bedoel vir kleuterskool- en grondslagfaseleerders. Ouer kinders kan slegs aansluit indien daar plek beskikbaar is.

- **07:00 – 16:00.**
- **Ouers moet ontbyt en middagete saamstuur.**
- **Lekker vakansie-aktiwiteite.**
- **R85 per kind, per dag.**

**DOEN AANSOEK VIA GOOGLEVORM**
aansoeke sluit 19 Junie '26

https://forms.gle/k4xqN3PSt27qWzHi9


kleuternaskool@gsdp.org.za
skoolhoof@gsdp.org.za

012 332 3222

Dirkieland-terrein.







Privaat, ruim **tuinwoonstel** in **Waverley** naby skole te huur. Woonstel het sy eie ingang en groot stoep in boomryke tuin en is ten volle gemeubileerd.

Vir navrae: Greet de Vries by **084 953 2714**






Die Gereformeerde Skool Dirk Postma adverteer die volgende:

# VAKATURE NASORGPOS:

Fokus veral op huiswerkhulp aan Grondslagfase-kinders

AANVANGSDATUM: **20 JULIE 2026**

## AANSOEKVEREISTES

- Lidmaat van GKSA of VGKSA
- Getuigskrif van huidige predikant
- ID-dokument
- Volledige CV in Afrikaans

*GSDP behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.*

Wees sterk en vol moed



+27(0) 12 332 3222

www.gsdp.co.za

**Stuur u aansoek na skoolhoof@gsdp.org.za**
**Sluitingsdatum: 19 Junie 2026**

*Aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was indien u nie gekontak word nie.*

Die Gereformeerde Skool Dirk Postma adverteer die volgende:

# VAKATURE ENGELS HOËRSKOOL

AANVANGSDATUM: **1 JULIE 2026**

## AANSOEKVEREISTES

- Lidmaat van GKSA of VGKSA
- Getuigskrif van huidige predikant
- ID Dokument
- B.Ed-of NGOS-kwalifikasie
- SACE geregistreer
- IEB-ondervinding sal in u guns tel
- Volledige CV in Afrikaans
- Afskrif van sertifikate

**Salaris: ooreenkomstig beheerliggaampos, geen verdere voordele.**

*GSDP behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.*

Wees sterk en vol moed



+27(0) 12 332 3222

www.gsdp.co.za

**Stuur u aansoek na skoolhoof@gsdp.org.za**
**Sluitingsdatum: 12 JUNIE 2026**

*Aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was indien u nie gekontak word nie.*

# Word deel van Dirk Postma se AANLYN BESIGHEIDSGIDS!

Navrae:
bemarking@gsdp.org.za

Wees sterk en vol moed




Slegs
R500
eenmalig

**Jou besigheid se naam, beskrywing, kontakbesonderhede en logo vertoon op ons webblad.**

Dit is die **NUWE EEN-STOP-PLEK** vir besighede en die gemeenskap om mekaar te vind.






**Kalender:**

**25 Junie:** Oueraand





*Laerskool*

## O/10-rugby

Van ons spelers, Heinrich Lee, Willem Etsebeth, Willem le Roux, Jeandré Jansen, Janro van Niekerk en MC Stidworthy speel vir Laerskool Totiusdal rugby. Die **O/10-span** het hul liga gewen! Dinsdag 9 Junie speel die manne in die **Stadsbeker** se kwarteindrondte-uitspeelwedstryde.

Meer inligting oor die wedstryd sal gedeel word sodra dit ontvang word.
Baie sterkte en geniet dit!




LAERSKOOLKONSERT
Sprokie vir 'n stadskind
Wees sterk en vol moed
VRYDAG
31
Julie
18:00
R100
R300 (Gallery - kaas en wyn ingesluit)
Doxa Deo Moot, Ben Swartstraat 1245, Môregloed
SATERDAG
1
Aug.
10:00
R100
KAARTJIES BESKIKBAAR OP DIE WEBBLAD.

2026 ⊛ WEERGAWE 1 ⊛ 10 JUNIE 2026

# DIRKIEDINGE

Wees sterk en vol moed

**_BESKIKBAAR VANAF WOENSDAG, 10 JUNIE_**




**R10**

### KOM LEES MEER: WAARMEE IS DIRKIES BESIG? ALLES BEHALWE SKOOLWERK

Koop 'n koerant en kom kyk na die foto's wat agter die skerms geneem is...

### WEET JY WAT IS DIE LANGSTE WOORD IN AFRIKAANS?

Willem le Roux het vir ons gaan navorsing doen daaroor. Jou tong sal sommer knoop!

**_KOOP JOU KOPIE, MAAK 'N KOPPIE MILO EN LEES LEKKER_**



# Hoërskool

## Rapporte en oueraand

Hoërskoolleerlinge ontvang rapporte op DV **24 Julie**.

Die oueraand vind plaas op Donderdag **30 Julie**.

### Netbaluitslae

Die hoërskool se netbalspanne het baie goed gevaar tydens die **2026-netbalseisoen**.

Ons spanne eindig as volg:
O/15A - 4de
O/15B - 5de
O/17 - 3de
O/19B - 1ste
O/19A - 2de en kwalifiseer vir die uitspeelrondtes van die distrik



# Hoërskool

**Eerste netbsalspan deur na uitspeelrondtes**

Dinsdag, 2 Junie het die eerste netbalspan deelgeneem aan die distrik se uitspeelrondtes wat by HS Montana plaasgevind het. Dit was 'n spanningsvolle middag gevul met baie netbal, lekker lag en uithouvermoë.

Dirk Postma verbaas almal en eindig tweede in die distrik. Daarmee kwalifiseer die span om Saterdag, **6 Junie** deel te neem aan die Tshwane-uitspeelwedstryde wat weer by HS Montana sal plaasvind. Tydens die oggend sal hulle aan drie rondtes teen groot skole deelneem.

Baie sterkte aan elke dogter asook Juff. Anelda en Janet wat hul afrigting waarneem.

Ons nooi u uit om hulle te kom ondersteun. Inligting sal op die **WhatsApp-groepe** deurgegee word.



# Hoërskool

## Tafeltennisuitslae

Hiermee die finale uitslae van die **tafeltennisliga** vir 2026:

Die span het **4de** in die liga geëindig.

Die **blokke** se uitslae is as volg:
Alpha Blok: 1ste
Beta Blok: 6de
Gamma Blok: 5de

**Individuele spelers** se uitslae:
Alpha Blok:
Thinus 2de met 43 punte
Leon 6de met 39 punte
Lindes 14de met 34 punte



Beta Blok:
Albert 5de met 42 punte
Wian 11de met 37 punte
Armand 18de met 30 punte

Gamma Blok:
Wilhelm 5de met 41 punte
Hendrik 10de met 36 punte
David 21ste met 25 punte

Ons is baie trots op julle vir 'n suksesvolle seisoen!
Ons neem afskeid van 4 spelers maar ek sien uit na DV 2027 se seisoen met al die juniors!

Dankie vir al die ouers se **ondersteuning** ook weer in hierdie seisoen. Sterkte met die eksamen!

Groete, Juf Petra

GSDP se toneelgroep bied aan:

# HOE LYK 'N ENGEL?

**Gratis toegang vir kinders onder 7**

## 23 Julie 2026 | NG Kerk Waverley-Oos

## Dickensonlaan 1402 | 18:00

Die volgende leerlinge tree op: Alisha Drijfhout, Danika Venter, Rudy van Rooyen, Aiden Oberholzer, Anli Kruger, Imarie Linde, Annaliz Fouché, Liané Verhoef, Anna Bester, Jandré van Rooyen.

**R50 per persoon**. Slegs 300 sitplekke beskikbaar

Kaartjies beskikbaar op die webblad

**Die toneelgroep gaan met hierdie stuk na die ATKV-Tienertoneel**

# WEN JOU WISKUNDE!

**Wen Jou Wiskunde** bied onafhanklike, CAPS-belynde en skool-geankerde **wiskunde** ondersteuning aan vir leerders.

CAPS-belyn, Begrip-gefokus.
Rapport-gereed.

Die doel is om wiskundige begrip te bou, selfvertroue te versterk en leerders **rapportgereed** te maak.

Klasse word in klein groepies aangebied om individuele aandag en **konsepbou** te versterk.

- Getalle, bewerkings en verwaniskappe
- Patrone, funksies en **algebra**
- Ruimte en vorm
- Meting
- Datahantering



Aangebied deur Juffrou Rachelle
BEd Grondslagfase | Honneurs in Leerderondersteuning

WEN JOU WISKUNDE!

wenjouwiskunde@gmail.com • 074 956 0796

**074 956 0796**




# Edge Communications
## jou bemarking- en kommunikasievennoot.

*Dink groot. Dink Edge Communications.*

Kommunikeer die regte boodskap, deur die regte kanale, aan die regte gehoor deur Edge Communications.

Edge COMMUNICATIONS




**ONS SPESIALISEER IN:**

- **Sosialemediabestuur**
  Betaalmedia advertensies
- **Grafiese ontwerp**
  Borsjures
  E-pos handtekening
  Embleem ontwerp
  Briefhoofde
  Korporatiewe template
- **Mediaskakeling en publisiteit**
- **Strategie ontwikkeling**
- **Bemarking**
- **Veldtogte**
- **Webontwikkeling en onderhoud**

**Kontak ons vandag vir 'n kwotasie:**
www.edgecommunications.co.za | info@edgecommunications.co.za | +27 81 233 8351

# Wen Wetenskap & Wiskunde / Win Science & Maths.

**Graad 10 tot Graad 12**
**Wetenskap Pakkette:**

- Teorieboek met opsommings, vrbe & verduidelikings.
- Flashy Flitskaarte.
- 20 Eksamen Vraestelle met Memo's.

**Grade 10 to Grade 12**
**Science Combos:**

- Theory Book with summaries, examples and step by step explanations .
- 20 Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

**Graad 8 tot Graad 12**
**Wiskunde Pakkette:**

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

**Grade 8 to Grade 12**
**Math Combos:**

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries.

**LISTEN TO THE PODCAST OF HELENA SPEAKING ON RSG ON THIS LINK**

**PLEASE VISIT**
**HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA**
**HELENA - 0845103373**
**HV.VERWEY@GMAIL.COM**

# Snapscan Kodes

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay

SnapScan

GSDP-SKOOLFONDS

Snap here to pay

SnapScan

GSDP-BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

